Klipstapels op die pad van Suid-Afrika

Estelle Pretorius

Dit is 'n kenmerk van die Afrikaner om op historiese tydstippe klipstapels te bou – dit het ontstaan uit 'n grafhoop, bedoel as primitiewe gedenkteken en sinnebeeld van 'n eed gerig op die toekoms.

1938 was, met die 100-jarige herdenking van die Groot Trek, 'n betekenisvolle jaar vir die Afrikaner. Dr HJ Klopper, stigterslid van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), word allerweë as die vader van die Simboliese Ossewatrek beskou. Hy het naamlik voorgestel dat twee gesinne in Voortrekkerdrag geklee die Groot Trek simbolies met twee waens van Johannesburg na Pretoria moes uitbeeld. Hierdie gedagte het só veld gewen dat die beginpunt na Kaapstad verskuif is en dat nege waens uiteindelik die hele land langs 14 roetes deurkruis het. 'n Tiende wa het later op die Witwatersrand by die hooftrek aangesluit. Na aanleiding van CJ Langenhoven se digbundel is die trek *Op die pad van Suid-Afrika* genoem.

Die Simboliese Ossewatrek het op 8 Augustus 1938 in Kaapstad begin en op 14 Desember by die Monumentterrein in Pretoria geëindig. Die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 is in meer as een opsig uniek. Tydens die geleentheid het uitsonderlike tonele hulle by die Monument afgespeel: 53 babas is op 15 Desember gedoop en 35 Voortrekkerpare is in die huwelik bevestig – dit was die grootste doop- en huweliksplegtigheid wat ooit in Suid-Afrika plaasgevind het. Van 13 tot 16 Desember het 'n klipstapeling ook op die Monumentterrein plaasgevind, en hierdie klipstapel is vandag nog te sien.

Die eerste klipstapeling in die Afrikaner se geskiedenis het op 16 Desember 1866 op die terrein van die Slag van Bloedrivier plaasgevind. Van 15 Desember af het tussen 40 en 50 waens in 'n laer op die terrein saamgetrek. Ds FL Cachet het sy preek van 16 Desember gegrond op Eksodus 17: 15, waar beskryf word hoe 'n altaar tot eer van die Here gebou word. In die namiddag het die mans en seuns 'n klipstapel as gedenkteken van die Slag van Bloedrivier opgerig. Cachet het die oggend 'n boodskap van die Zulukoning, Cetshwayo (c 1826-1884) gekry – hy het die predikant bedank dat hy op daardie plek 'n kerkdiens kom hou het. Cachet het Cetshwayo laat weet dat 'n gedenkteken met die naam *Vrede* daar opgerig sou word.

Aanloop

Hierdie groot klipstapel aan die oostekant van die Voortrekkermonument, net bokant die Amfiteater, is waarskynlik enig in sy soort in Suid-Afrika. Tydens die vieringe van die hoeksteenlegging in 1938 is duisende klippe deur feesgangers van oral uit die land na die terrein gebring. Dit was na aanleiding van 'n versoek op 3 November 1938 van die Transvaalse Hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Reddingsbond dat die Sentrale Eeufeeskomitee besluit het om 'n beroep op elke persoon te doen wat die hoeksteenlegging sou bywoon om 'n klip (ongeveer 500 g tot 1 kg) van sy erf, dorp of plaas vir die klipstapeling saam te bring, want elke klip sou dien *...as deeltjie van ons bodem, ons grond, ons vaderland.* Die klippe kon selfs ook aan die volgende adres gepos word: *Uniewinkels, Monumentterrein, Pretoria*!

Die klipstapeling het op 13 Desember 1938 begin en sou tot die aand van 16 Desember duur. Om skade aan die klipstapel te voorkom, het 72 seuns en 72 dogters van die twee Afrikaanse hoërskole in Pretoria (Afrikaanse Hoër Meisieskool en Afrikaanse Hoër Seunskool) die klipstapel dag en nag bewaak. Klaarblyklik het die oproep om klippe saam te bring te laat gekom, sodat meestal klippe van die Eeufeesterrein deur die feesgangers gebruik is.

Doel en betekenis

Mnr JJ Scheepers, sekretaris van die Sentrale Voortrekker-Eeufeeskomitee, het verklaar dat die klipstapel tot in die verre toekoms sou dien as bewys dat die Afrikaners van 1938 die geestelike en stoflike erfenis waardeer wat deur die Afrikaners van 1838 aan hulle nagelaat is, en dat hulle onderneem om die erfenis *onbesmet* en *onbeskadig* vir die Afrikaners

van 2038 te behou. Dit sou simbolies wees van die vurige verlange na volkseenheid. Die hoofdoel van die klipstapeling was om 'n model van die Geloftekerk op Pietermaritzburg te bou. Die liggaam wat vir die bou van dié kerkie verantwoordelik sou wees, was die Suid-Afrikaanse Reddingsbond, met mnr CK Smit as voorsitter.

Dit is 'n kenmerk van die Afrikaner om op historiese tydstippe klipstapels te bou – dit het ontstaan uit 'n grafhoop, bedoel as primitiewe gedenkteken en sinnebeeld van 'n eed gerig op die toekoms, soos by Paardekraal in 1880. Die klipstapeling daar is gesien as 'n hernuwing van die Gelofte van 1838 en 'n teken van die Boere se verbondenheid om vir onafhanklikheid te veg.

Beplanning

Die Reddingsbond het beplan om 'n sementvloer van ongeveer 13 m in deursnee te bou, waarop die klipstapeling sou plaasvind, met 'n ringmuur van ongeveer 1 m hoog daaromheen. Bo-op die ringmuur sou 'n replika van die Geloftekerk op Pietermaritzburg gebou word. Die ringmuur is op 22 November 1938 geopen deur die president van die Suid-Afrikaanse Reddingsbond, mnr CK Smit. Die plegtigheid is deur bestuurslede van die Bond bygewoon, wat elkeen 'n klip in die muur laat inmessel het.

Elke persoon wat tydens die Eeufeesviering 'n klip na die terrein gebring het, is versoek om sy naam en adres op 'n stukkie papier te skryf. Nadat die klip op die stapel geplaas is, moes die gegewens aan die komitee wat die klippe bewaak, oorhandig word. Al die name en adresse sou in 'n register opgeteken word vir bewaring deur die Sentrale Eeufeeskomitee. Dit is nie bekend of 'n register wel gehou is of bewaar gebly het nie.

Teen die einde van 1938, op die vooraand van die hoeksteenlegging van die Monument, het *Die Volksblad* 'n skets van die beoogde model van die Geloftekerk gepubliseer. Volgens die onderskrif is daar beplan dat die kerkie op die ringmuur van die groot klipstapel gebou sou word: *Daar word gehoop dat 100,000 mense klippe sal bring en dit hier opstapel...* Mnr Scheepers het verklaar: *Hierdie klippe sal praat wanneer ons stilbly – soveel ondempbare stemme wat uit alle dele van die land oproep tot volkseenheid en volksredding.* Konserwatief geskat het ongeveer 150 000 feesgangers die verrigtinge bygewoon.

In 1939 is berig dat die 240 Afrikaners wat by Arusha, in die toenmalige Tanganjika, byeengekom het om die eeufees daar te vier, besluit het om elkeen 'n klip na Pretoria te stuur om in die model van die Geloftekerk ingemessel te word. Mnr CK Smit het in Februarie 1939 die hoop uitgespreek dat voldoende fondse binnekort beskikbaar sou wees om met die bouwerk te begin.

Latere geskiedenis

Die klipstapel is toegemessel, maar die plan om 'n model van die Geloftekerk te bou, het nooit gerealiseer nie. Die ATKV het in Desember 1963 vyf bome om die klipstapel laat plant deur verteenwoordigers van die land se vier provinsies en Suidwes-Afrika. Dr W Nicol, voorsitter van die Beheerraad van die Voortrekkermonument, het gesê dat dit tyd was om 'n monument te ontwerp waarin die klippe ingemessel kan word. Hy het voorts daarop gewys dat bome by die klipstapel geplant is omdat dit die groeikrag van die volk simboliseer.

Dr Nicol het 'n koraalboom namens Natal geplant; mnr PGN Bezuidenhout, voorsitter van die Provinsiale Raad van die Vrystaat, 'n olienhoutboom; mnr Roger Dyason, Beheerraadslid van die Voortrekkermonument, 'n witstinkhoutboom namens Transvaal; en mnr RJ Labuschagne, adjunkdirekteur van die Nasionale Parkeraad, 'n geelhoutboom. Mnr I Lombard, Beheerraadslid van die Voortrekkermonument, het 'n anaboom namens Suidwes-Afrika geplant. Hierdie bome is in die vorm van die Kasteel in Kaapstad rondom die klipstapel geplant.

Die ATKV het die wenslikheid uitgespreek dat die Beheerraad van die Voortrekkermonument *iets moois en permanents* op die geskiedkundige klipstapelingsterrein van 1938 sou oprig.

Die klipstapel van 1939

Op 9 September 1939 het 'n tweede klipstapeling op die Monumentterrein plaasgevind. Dit was tydens die openbare versoening tussen genl JBM Hertzog en dr DF Malan. Ongeveer 100 000 mense het die twee volksleiers luid toegejuig. Na die toesprake het die skare aan 'n klipstapeling deelgeneem. Die digter Totius (JD du Toit) het die eerste klip neergelê.

Hierdie klipstapel was ver van die 1938-klipstapel af en is nie behoorlik opgestapel en toegemessel nie. Mettertyd het die klippe verspreid geraak, en uiteindelik het die klipstapel heeltemal verdwyn.